Kraggakamma Gemeente

Kuberkamma

25 Augustus 2019

Jesaja 12 vers 2

"God is my redder; Ek vertrou op Hom, ek is nie meer bang nie. Die Here my God is my krag en my beskerming; Hy is my redder."

Vertoon die e-pos nie korrek nie? **Klik hier om die nuusbrief eerder op die internet te lees.**

Program vir die Dag

08h30 Eietydse diens in die saal
09h45 Kategese
10h00 Klassieke diens in die saal
Die deurdankoffer gaan vir Christelike Lektuurfonds

Program vir die Week

26 Augustus 12h45 – 14h00 Gebedskild in gebedskamer
27 Augustus 19h00 – Leef@Kerk
30 Augustus 05h00 – Mannebyeenkoms by Elandré Bosch, Lilylaan 68

Die kommunikamma is van Saterdae op die webwerf beskikbaar.

Nuusbrokkies

Preke**:**
Ons is tans besig met 'n 7 weke reeks, "7 Weke met Ritmes vir die lewe". Die boekies is by die kerkkantoor beskikbaar.
Ds MG van Rooyen se preek van 11 en 18 Augustus **is op die webwerf beskikbaar**.

Sake vir gebed
Ons bid vandag spesiaal vir almal wat betrokke is by die Christelike Lektuurfonds.
Lees asseblief biddend die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bedieninge: Gebedsversoek **Inonesië**
Bid saam dat God 'n ongelooflike werk sal doen in Indonesië- tuiste van 'n groot groep ongereddes - en sodoende meer mense bereik met die Evangelie. ***Foto***

12 Dames besoek in September, saam met There4-Bedieninge,Egipte, om vrouens wat in vervolging lewe te gaan bemoedig en na hulle harte te luister. Ons benodig : Bedsokkies, "pocket tissues", "Shower Gel" vir mans, luukse sepies en handeroompies, bv Oh So Heavenly.
Ons wil ook Bybels in die hande plaas van nuwe gelowiges @ R150 per Bybel.
Kontak asb ons kantoor vir verdere inligting: 041 360 1946

Bybellees-**Marathon**
Meer inligting oor die Bybellees-Marathon in Despatch is
op ***hierdie skakel*** bekikbaar. Gaan lees gerus die inligting en raak selfs betrokke by die projek.

Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

25 Augustus	Nico Gouws
26 Augustus	Craig de Beer en Mariette Grobler
27 Augustus	Johanna de Lange, Tim Schmidt, Estelle Schoeman en Marius Terblanche
28 Augustus	Johan Coetzee, Mila Coetzer, Charles Tait en Wihan van der Merwe
29 Augustus	Nicolene de Beer, Ben Fourie, Ken Reed, Jurgens van Onselen en Deidre van Ryneveld
30 Augustus	Gielie Botha en Caty Pieterse
31 Augustus	Jacques Claasen, Janine du Plessis, Bianca Meiring, Arno Pieterse en Tammie Wilding

Padkos

Groei goeie gewoontes

Ons borsel ons tande elke dag op dieselfde manier. Ons ry met dieselfde roete kerktoe en werktoe. Sulke roetines gebeur outomaties. ’n Studie wat by Duke Universiteit in die VSA gedoen is, bevind sowat 40% van ons daaglikse aktiwiteite bestaan uit vaste roetines. Daar is niks verkeerd hiermee nie. Die probleem is egter al daardie slegte gewoontes wat soms in ons lewe vorm aanneem. Goor gewoontes, soos om te veel te drink of te eet; pornografie te beloer, ensovoorts, is vernietigend. Doelbewuste keuses om sulke vernietigende gewoontes in die oë te kyk en te laat staan, is al uitweg. Dit sluit professionele hulp in wanneer slegte gewoontes verslawend geraak het. Hiermee saam is nuwe geloofsgewoontes ook nodig. Die slim ouens sê dit neem ongeveer 21 dae om ’n nuwe gewoonte te omskep in ’n leefstyl. Nou ja, dan moet ons van vandag af nuwe geloofsroetines inoefen wat ons aandag op kreatiewe manier na die Here toe verskuif. Hier is ’n paar nuwe maniere om dit te doen: (a) Bid meermale deur die loop van elke dag. (b) Lees ’n paar hoofstukke uit die Bybel op ander tye as gewoonlik. (c) Doen elke dag iets goed in Jesus se naam vir iemand. Dan verskuif jou lewe Godwaarts nog lank voor die einde van September.
[Goeie Nuus deur Stephan Joubert **http://www.ekerk.org/**]

Kubergroete tot volgende keer

Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. www.getsnapscan.com